



Kommersiële boere het die opsie om self die sensusvrae in te vul of om deur amptenare van Statistieke Suid-Afrika besoek te word.

FOTO: VERSKAF

enigde Nasies se Beginsels van Amptelike Statistieke. Statistieke Suid-Afrika is 'n onafhanklike instelling, en ingevolge artikel 7 van die Wet op Statistieke (Wet 6 van 1999) het hy die finale verantwoordelikheid om data te versamel, te verwerk en te versprei.

VERTROULIK

Artikel 17 van dieselfde wet verseker ook dat enige inligting wat oor 'n huishouding, boerdery of besigheid ingesamel word, vertroulik bly. Resultate word net in 'n saamgestelde formaat gepubliseer. Vertroulikheid kan beskou word as die suurstof van amptelike statistieke in enige land. Dit is noodsaaklik, aangesien dit vertroue bou tussen Statistieke Suid-Afrika en respondente – in dié geval die kommersiële boere.

Amptenare van Statistieke Suid-Afrika is sedert Maart besig om respondente te bel om aan hulle die opsie te bied om die vraelys self te voltooi (selftelling) of om in te stem tot 'n besoek van die amptenare.

Die volgende fase, wat vandeemaand begin, sluit in dat die amptenare plase per gebied sal besoek. Boerderye wat selftelling gekies het, maar nog nie gereageer het nie, word aangemoedig om die vraelys te voltooi om 'n besoek te vermy.

Boere word aangemoedig om die vraelys teen die ooreengekomme keurdatum te voltooi.

Statistieke Suid-Afrika se vermoë om tydige landboustatistieke te verskaf, sal verseker dat enige beleid, planne of besluite om die landbou te bevorder, gegrond is op statistieke en feite, en nie indrukke nie. **LBW**

Mnr. Itani Magwaba is die projekbestuurder van die Sensus van Kommersiële Landbou 2017.

➤ NAVRAE: Statistieke Suid-Afrika, e-pos: agriculture@statssa.gov.za; **0800 212 169** (tolvrye nommer).

Boere gevra om aan sensus deel te neem

Statistieke Suid-Afrika is besig met 'n sensus van die kommersiële landbou. Die sensus sluit boere in wat vir inkomste produseer en wie se plase geregistreer is vir belasting, hoofsaaklik belasting op toegevoegde waarde (BTW).

Boere behoort deel te neem aan Statistieke Suid-Afrika se Sensus van Kommersiële Landbou vir 2017 om te verseker dat

die regering planne en beleid ontwikkel vir die bevordering en groei van die kommersiële landbousektor wat op feite gegrond is. Dit sluit in planne en beleid om produksie en belegging in die kommersiële landbou te bevorder. Individuele boere kan die ramings van die sensus gebruik om ingeligte besluite oor beleggings in die landbou te neem.

VORIGE OPNAMES

Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van sensusopnames in die landbou. Die eerste een was in 1918 en die resultate is in 1919 gepubliseer. Tot in die vroeë 1980's is die landbousensus jaarliks onderneem, behalwe van 1940 tot 1945 tydens

die Tweede Wêreldoorlog. Die laaste sensus in die ou bedeling van die kommersiële landbou is in 1993 onderneem. Die eerste sensus van kommersiële landbou sedert 1994 was in 2002 en toe weer in 2007.

Die plan was om elke vyf jaar 'n sensusopname te doen. Finansiering was egter nie in 2012 beskikbaar nie, en die sensus is uitgestel. Gevolglik is dit dringend dat 'n suksesvolle sensus vir 2017 afgehandel word om voorsiening te maak vir die gaping van tien jaar.

Die resultate van die vorige sensusopnames dui daarop dat die getal boerdery-eenhede in kommersiële landbou afgeneem het van 58 000 in 1993 tot 40 000 in 2007. In dieselfde tydperk het die getal werknemers ook afgeneem – van 1,1 miljoen in 1993 tot 771 000 in 2007.

EKONOMIESE WAARDE

Hoewel die landbou, waaronder

bosbou en visserye, se bydrae tot die ekonomie slegs 2,6% was in 2017, is dit steeds 'n belangrike bedryf in Suid-Afrika.

Dit verskaf werk aan sowat 845 000 mense (sowat 5,2% van die land se werksmag). Die landbou, veral die kommersiële landbousektor, speel 'n belangrike rol wat betref voedselsekerheid, werkskepping, landelike ontwikkeling en die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

'n Sensus is uit die aard van die saak omvattend. Die doel is om die land te deurkruis en soveel vrae as moontlik te beantwoord. Dus word inligting rakende plaasgrootte, oesproduksie, aantal lewende hawe, masjinerie, werkverskaffing, inkomste, uitgawes en skuld ingesamel.

Statistieke Suid-Afrika is verantwoordelik vir amptelike statistieke in die land. Die internasionale beste praktyke wat standaarde en metodes betref, word gevolg, spesifiek die Ver-